

.....

ALEXANDER FORBES

AFTREE BEPLANNING DIENS

.....



WEES VOORBEREID VIR AFTREDE

Het jy al die belangrike vrae begin vra oor aftrede: hoeveel inkomste gaan jy vir jou aftrede benodig; watter belegging sal jou omstandighede die beste pas; moet jy jou skuld eers afbetaal of eerder meer spaar vir jou aftrede; hoeveel moet jy onttrek wanneer jy aftree; wat gaan jou belasting beloop? Het jy al die antwoorde?

Alexander Forbes en die Predikante Pensioenfonds het saamgespan om seker te maak dat jy voorbereid is vir jou aftrede en dat jy toegang het tot professionele advies wat jou persoonlike en unieke omstandighede in ag neem.

WAT KAN EK VERWAG?

Aftreebeplanning is nie 'n eenmalige gebeurtenis nie, maar 'n deurlopende proses wat ideaal gesien sewe jaar voor aftrede moet begin. Die opsomming hieronder sit die proses uiteen wat gevolg kan word. Jy kan gebruik maak van hierdie diens op enige stadium vanaf ouderdom 56.

Die voor-aftrede konsultasie

- Voorsiening van volledige inligting, eenvoudig verduidelik deur 'n professionele adviseur, oor die opsies en belasting by aftrede;
- Bepaling van doelwitte en behoeftes wat eie aan jou situasie is;
- Voorsiening van 'n projeksie en bepaling van hoeveel inkomste jy by aftrede kan verwag;
- Opstel van 'n plan om by jou vereiste inkomste uit te kom indien daar 'n gaping is tussen jou vereiste en geprojekteerde inkomste;
- Verseker dat jou bate-allokasie in jou pensioenfonds korrek is om te verseker dat jy bo- inflasiegroei kry.

Deurlopende Konsultasies tot en met aftrede

- Die konsultasie sal jaarliks plaasvind en die bostaande sal hersien word.

By aftrede

- Voorsiening van volledige inligting, eenvoudig verduidelik deur 'n professionele adviseur, oor die opsies en belasting by aftrede;
- Opstel van 'n aftreebegroting en kapitaalbehoefte tydens aftrede gegewe jou verskeie lewensfasies tydens aftrede;
- Berekening van 'n belasting-effektiewe bedrag om te onttrek as 'n kapitaalbedrag;
- Bystand en 'n maklik verstaanbare vergelyking van verskeie annuïteite en aanbevelings ten opsigte van watter annuïteit jou die beste sal pas gegewe jou omstandighede;
- Bepaling van hoeveel inkomste benodig word gegewe jou begroting, en hoe om die inkomstebehoefte belasting effektief te finansier;
- Opstel van korrekte en gepaste beleggingsportefeulje om vir jou 'n konsekwente en stabiele lewenslange inkomste te voorsien.

Na aftrede

- Jaarlikse konsultasie en hersiening van jou inkomstevlak gegewe beleggingsprestasie, en aanbeveling van enige nodige aanpassings;
- Hersiening van die onderliggende beleggingsportefeulje gegewe jou behoeftes en omstandighede;
- Hersiening van annuïteitskeuse en vergelyking met ander annuïteite in maklik verstaanbare taal.

HOEKOM ALEXANDER FORBES?

Alexander Forbes spesialiseer al vir die afgelope 83 jaar in aftreebeplanning en -bestuur. Ons beplanningsagteware en -navorsing is alles gemik op aftrede en ons konsultante word spesifiek opgelei om jou in alle fasette van aftreebeplanning by te staan.

Ons het 'n span adviseurs wat jou in Afrikaans kan bystaan en die ses konsultante wat die Predikante Pensioenfonds diens, beskik altesaam oor 95 jaar se ervaring in aftreebeplanning. Al ons adviseurs is **Gesertifiseerde Finansiële Beplanners**® by die Finansiële Beplanningsinstituut van Suid-Afrika en Alexander Forbes is 'n **Finansiële Beplanningsinstituut Korporatiewe Venoot**™ wat die bykomende versekering bied dat jy professionele diens sal ontvang. Vir meer inligting oor bostaande, besoek gerus www.fpi.co.za.

Ons het kantore regoor Suid-Afrika, wat beteken dat jy toegang het tot kwaliteit, professionele en konsekwente advies, ongeag waar jy is of waar jy gaan aftree.

Alexander Forbes is onafhanklik en is geakkrediteer by al die groot versekeraars in die mark. Dit sluit in: Sanlam, Liberty, Momentum, Metropolitan, Discovery, Old Mutual, Just Retirement en Paramount Life vir lewensannuïteite, asook beleggingshuise Allan Gray, Alexander Forbes, Investec en PPS vir lewende annuïteite. Ons is ook geakkrediteer by die Predikante Pensioenfonds se In Fonds Lewende Annuïteit, wat jou verseker van objektiewe advies.

HOEVEEL GAAN DIT MY KOS?

Die standaardfooi is 'n vaste fooi van R8 625, BTW ingesluit. Die fooi word verhaal van jou fondswaarde, en word dus betaal met voorbelaste gelde. Die fooi is betaalbaar by die eerste konsultasie en dan eers weer by aftrede, dus is daar geen koste vir die deurlopende diens nie. Die jaarlikse na-aftrede fooi is ook R8 625, BTW ingesluit.

ANDER DIENSTE WAT ALEXANDER FORBES BIED

Alexander Forbes bied ook die volgende dienste:

- Boedelbeplanning en die opstel van testamente en trusts
- Lewensversekering en ander risiko-voordele
- Direkte buitelandse beleggings
- Korttermynversekering



HOE KRY EK DIE PROSES AAN DIE GANG?

Skakel vir Estian Visagie by 021 809 3699 / 071 878 6664 of e-pos hom by visagie@forbes.com. Estian sal seker maak dat jy in verbinding kom met jou naaste konsultant.

Indien jy enige verdere vrae het oor die proses, of meer inligting benodig, moet asseblief nie huiwer om hom te kontak nie.

Alexander Forbes Finansiële Beplanning Konsultante (Edm) Bpk is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste ingevolge die FAIS-wet (FAIS nommer 31753). Alhoewel alle pogings aangewend is om te verseker dat die inligting wat hierin vervat is huidig, regverdig en akkuraat is, kan dit nie gewaarborg word nie. Alexander Forbes Groep is hierby vrygestel van en teen alle en enige verlies, skade, koste en uitgawes wat direk of indirek opgedoen kan word of direk as gevolg van enige fout of versuim aangegaan kan word hierin vervat. Die gebruik van hierdie inligting deur enige derde party sal geheel en al volgens die diskresie van die derde party wees. Die inligting word beskerm deur toepaslike intellektuele eiendom wette en kan nie vir kommersiële doeleindes gekopieer, versprei of gewysig word nie.